MASIFUNDISE DEVELOPMENT TRUST

Vissers NET

CWCI
CONFERENCE • WORKSHOP
CULTURAL INITIATIVE FUND
An EU-SA Partnership Programme

APRIL 2008 VOL 11

Uitgegee deur: Masifundise Development Trust with Support from CWCI
601, Premier Centre, 451 Main Road, Observatory, Cape 7925 Tel 021 4475164 Fax 021 4476722
E-mail: info@masifundise.org.za

Participants at the Masifundise CWCI National Policy Workshop in Simonstown, March 2008. Photo by Masifundise

Organiseer vir erkenning!

Kleinskaal vissersgemeenskappe neem deel aan die beleidmakingsproses in Suid-Afrika

In Mei 2007 het die Minister van Omgewingsake en Toerisme 'n hofbevel onderteken waarin hy onderneem het om betrokke te raak by 'n nuwe beleidproses vir tradisionele kleinskaal vissers. Sedertdien is hierdie nuwe beleid deur vissersgemeenskappe langs die hele kuslyn van Suid-Afrika bespreek en is daaroor gedebatteer – op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak. In November 2007 het die Departement van Omgewingsake en Toerisme (DOET) 'n nasionale beraad in Port Elizabeth gehou waar die eerste geleentheid aan vissers in Suid-Afrika gebied is om te vergader om hulle probleme en behoeftes te bespreek. Op 10 Maart 2008 het verteenwoordigers van 40 gemeenskappe in Simonstad buite Kaapstad, byeen gekom vir die Masifundise Nasionale Beleidswerkswinkel. In die maande voor die werkswinkel, het meer as 120 gemeenskapsleiers deelgeneem aan die provinsiale werkswinkel wat deur Masifundise gereël is en waar hulle geleentheid gebied is om oor hulle eie visie en doelwitte vir 'n nuwe beleid te praat, inligting oor hulle regte en ander menseregte te ontvang en te luister na belangrike lesse wat uit internasionale ervarings geleer is. Hierdie Nasionale Werkswinkel het aan al hierdie leiers geleentheid gebied om byeen te kom om hulle beleidsvoorstelle te finaliseer, om die debat oor sleutelaangeleenthede met verteenwoordigers van verskillende vlakke van die regering, NRO's, ander KSO's en visserynavorsers, te verdiep. Die deelnemers het die geleentheid gehad om te gesels met die Direkteur van Aflandige Visserye by Marine- en Kusbestuur (MKB), mnr Ntobeko Bacela, wat beloof het dat MKB verbind is tot die beleidsproses, asook met mnr Sandile Sibiya, die direkteur van die Bestaansvisseryeenheid.

Beleidslesse uit Internasionale Ervarings – Die Barangay

Dit is belangrik om daarop te let dat daar wêreldwyd nie een (1) perfekte model vir die beheer van kleinskaal visserye bestaan nie. Ons kan egter kyk wat in ander lande gebeur het en daaruit leer wat gewerk en nie gewerk het nie en dit aanpas om aan ons behoeftes hier in Suid-Afrika te voldoen. Daar word aanvaar dat die meeste lande 'n bepaalde model neem en die bestuur en struktuur daarvan verander om aan die kuslyn-, omgewings-, kulturele en tradisionele behoeftes van die land te voldoen. Een van die lesse wat die beste aanpas by die konteks van SA kleinskaal vissers, is dié een wat by die Fillipyne geleer is.

Die kern van die sukses met die bestuur van die kleinskaal visserysektor in die Fillipyne, is 'n stelsel wat as die BARANGAY bekend staan. Nadat hulle vir 'n lang tydperk eenkant toe gestoot is, is aan die kleinskaal vissers onder die nuwe politieke leierskap gevra wat hulle behoeftes was, wat hulle wou verander en hoe hulle behoeftes aangespreek kon word. Omdat die vissers nie antwoorde op die vrae gehad het nie, was dit duidelik dat hulle nie die organisatoriese vermoëns gehad het om 'n bespreking te hou en eenstemmigheid te bereik oor hoe om die vraag te beantwoord nie. Daar is toe ooreengekom dat vissers op 'n basiese munisipale wyksgrondslag georganiseer moes word. 'n Komitee is in die lewe geroep vir elke munisipale wyk en hierdie komitee sou bekend staan as die BARANGAY. Op hierdie vlak het vissers gepraat oor hulle behoeftes, wat verander moes word, ens. Die proses het hulle meer georganiseerd en meer ingelig gelaat. Vir ongeveer 10 jaar het die BARANGAY voortgegaan om hulleself plaaslik te organiseer, samewerkingsooreenkomste met ander rolspelers

(turn page)

(continued from page 1)

aan te gaan en te vergader om teen die kommersiële/industriële sektor op te ruk. In 1999, na amper 10 jaar van stryd en organiseer, het die BARANGAYS daarin geslaag om genoeg druk op die regering uit te oefen om die kleinskaal visserysektor en die bydrae wat dit tot die ekonomie en armoedeverligting lewer, te erken. Hierdie erkenning het beslag gegee aan die daarstelling van FARMC – Fisheries Aquatic Resource Management Council, 'n nasionale komitee bestaande uit 15 lede, waarvan die meerderheid vissers is.

ROL VAN DIE FARMC

- Die ontwikkeling van beleid en 'n nasionale bestuursplan, met inagneming van bewaring, volhoubaarheid en besoedelingsbeheer in elke provinsie.
- Die daarstelling van nasionale regulasies ten opsigte van die ekosisteme, besoedeling en die sleuteldoelwitte van die BARANGAY.
- Behou kontak met die kommersiële/industriële sektor.

Die BARANGAY besluit oor die bestuursplan wat die volgende omvat

- watter spesies gevang mag word
- die beperkings op grootte van die vangs
- toepaslike gerei om te gebruik
- seisoene

En die monitering wat daagliks op plaaslike vlak gedoen word.

Participants at the Masifundise CWCI National Policy Workshop in Simonstown, March 2008. Photo by Masifundise

Die deelnemers aan die Nasionale Werkswinkel het die SLEUTELAAN-GELEENTHEDE uit al vier die kusprovinsies voorgelê. Dit het die volgende eise omvat:

- erkenning, beskerming en herstel van tradisionele vissers se regte
- beskerming van die kulturele, tradisionele, maatskaplike en ekonomiese regte van tradisionele vissers
- toegang tot 'n 'mandjie' marine hulpbronne volgens 'n aflandige UITKIEP-stelsel, gegrond op die toewysing van 'n reg aan die gemeenskap
- die bemagtiging van vissersgemeenskappe moet aandag geniet
- die oordra van mag na die plaaslike vlak deur mede-bestuurstatus op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak en sodanige mede-bestuur moet toegang tot navorsing oor ons inheemse kennis, die spesies en die beskikbaarheid van die spesies en die totale toegelate vangs, sowel as die identifikasie en erkenning van regte, insluit
- bykomende en alternatiewe werk, soos waterkultuur en toerisme, moet beskikbaar wees
- ruimte moet gelaat word vir die volgende geslag vissers, sowel as vir ou vissers en diegene met 'n liggaamsgebrek
- opleidingsprogramme en vaardigheidsontwikkeling vir vissersgemeenskappe
- toegang tot finansiering aan vissersgemeenskappe
- veiligheid ter see
- vroue en jongmense moet by besluitneming betrek word

Hierdie sake is saamgevoeg in die Gesamentlike Verklaring wat by die Nasionale Beraad in Port Elizabeth saamgestel is, asook die verklarings afkomstig van die provinsiale werkswinkels in KZN en Paternoster. Deelnemers het hierdie Raamwerk van die Konsep Beleidsvoorstel in hulle provinsiale koukusse bespreek en belangrike toevoegings gemaak. Die finale verklaring is beskou as 'n werksdokument wat aan MKB, gemeenskappe en ander rolspelers voorgelê sal word vir verdere insette.

Konsep Beleidsvoorst Werkswinkel geformu

Ons, die leiers wat kleinskaal vissers- en kusgemeenskappe van 40 vissersgemeenskappe uit al vier provinsies in Suid-Afrika verteenwoordig, en by die Masifundise CWCI Nasionale Werkswinkel in Simonstad vergader het vanaf 11 tot 14 Maart 2008, lê die volgende beleidsvoorstelle aan die Minister van Omgewingsake en Toerisme en Marine- en Kusbestuur voor:

Ons Visie

Ons visie is 'n volhoubare, billike, kleinskaal vissery, waarin die welvaart en voortbestaan van ons vissers- en kusgemeenskappe en marine ekosisteme gewaarborg word. Voorts moet hierdie vissersgemeenskappe bemagtig word om effektief deel te neem aan besluitneming en mede-bestuur van die aflandige kushulpbronne.

Beleidsdoelwitte

Die beleid ten opsigte van kleinskaal visserye moet die volgende ten doel hê:

1. om formele, regterlike erkenning en beskerming te verleen aan alle tradisionele kleinskaal vissers in Suid-Afrika in ooreenstemming met internasionale en nasionale verbondenheid en regsinstrumente;
2. om die maatskaplike en ekonomiese volhoubaarheid van die kleinskaal vissersgemeenskap te verseker;
3. om tradisionele bestaansreg te beskerm en die voedselsekuriteit en maatskaplike ontwikkeling van die kleinskaal visserysektor te bevorder;
4. om die omgewingsvolhoubaarheid van die marine- en kuslynomgewings te bevorder;
5. om die deelname van vissers- en kusgemeenskappe aan beleidsontwikkeling en geïntegreerde kushulpbronbestuur te verseker.

Hands up for a new equitable traditional small-scale fishing policy, Masifundise CWCI National Policy Workshop, March 2008. Photo by Masifundise

tel wat by die Masifundise Nasionale uleer is, Simonstad, 12 Maart 2008

Hierdie beleid sluit in alle kleinskaal vissers wat in the nabyheid of in die 'aflandige' sone oes, van diegene wat hoofsaaklik visvang om hulle gesinne op 'n bestaansbasis te onderhou, tot diegene wat op kleinskaal visvang om 'n inkomste te genereer.

'n Oorhoofse beleid moet ten opsigte van die kleinskaal sektor ontwikkel word, waarin die rigsnoere vir die beleid uiteengesit word en daarna sal bestuursplanne vir bepaalde streke aanvaar moet word ten opsigte van bepaalde spesies, toestande en praktyke in daardie streek. Daar word aanvaar dat hierdie finaliseringsproses en daarna die voorbereiding vir implementering stap vir stap sal geskied en dat een stap tot 'n ander sal lei. Voortdurende terugskouing en evaluasie sal gedoen moet word om die toepaslikheid van die beleid te monitor en te evalueer wanneer dit in elke gebied geïmplementeer sal word. Die streeksbestuursplanne sal aanpassings by plaaslike behoeftes en spesifieke hoedanighede vereis.

Beginsels

- Die kleinskaal beleid is gegrond op die beginsels van billikheid, basiese menseregte en deelnemende demokrasie deur mede-bestuur, volhoubare marine hulpbronbenutting en die wegdoen met armoede;
- die beleid ten opsigte van kleinskaal visserye erken die regte van kleinskaal vissers om hulle tradisionele wyse van lewensonderhoud te handhaaf en om voorkeur-toegang te hê tot marine hulpbronne in die gebiede waar hulle vir geslagte reeds die hulpbronne ge-oes het;
- die kultuur en tradisies van die kleinskaal sektor word erken, na waarde geag en beskerm;
- die ondeelbaarheid van sosio-ekonomiese regte van vissers se regte word erken en die regering aanvaar maatreëls om die regte van hierdie vissersgemeenskappe te beskerm en te bevorder deur medewerkende bestuur en 'n ontwikkelings-benadering;

Implementeringswerksaamhede en -prosesse

In die eerste fase van die beleidsontwikkelingsproses, moet eenstemmigheid bereik word oor bogenoemde breë beginsels en doelwitte. Daarna moet die Departement begin om bepaalde Institusionele Meganismes in plek te stel vir die suksesvolle implementering van die beleid.

- Mag en besluitneming sal tot op plaaslike vlak ontwikkel moet word. Die nodige wetlike en beleidswysigings moet aangebring word om medewerkende beheer oor marine hulpbronbestuur te verseker en mag moet afgewentel word na plaaslike mede-bestuurskomitees.
- Bepaalde inter- en interne departementele prosesse moet tot stand gebring word om te verseker dat DOET se mandaat om toegang tot volhoubare lewensonderhoud langs die kus saamgevoeg word met plaaslike ekonomiese bestuur en die werksaamhede van die plaaslike mede-bestuurskomitees.

- MKB moet 'n sterk, goed geïntegreerde en bevoegde eenheid vir kleinskaal visserye en lewensonderhoud langs die kus daarstel, met voldoende finansiële en menslike hulpbronne, wat navorsing van hoë gehalte en steun aan die vissers- en kusgemeenskappe op plaaslike vlak in elke streek sal voorsien. Die Kleinskaal Visseryeenheid van die MKB moet oor die bepaalde vermoë beskik om sake rakende vroue in die visbedryf te hanteer.

Prosesse op provinsiale en plaaslike vlak moet aangehelp word sodat streeksbepaalde bestuursplanne ontwikkel kan word.

Ná voltooiing van die eerste fase, moet die volgende uitvloeisels verseker word in die uitvoering van die beleid deur middel van die streeksbepaalde bestuursplanne:

- kleinskaal vissers moet toegang hê tot 'n verskeidenheid van marine hulpbronne binne 'n plaaslik afgebakende gebied, wat bekend sal staan as 'n Territoriale Gebruikersreg in Visseryraamwerk (TGRV). Die reg sal aan die gemeenskap toegestaan word.
- Die plaaslike vissers moet aktief deelneem aan die mede-bestuur van marine hulpbronne deur die daarstelling van Plaaslike Mede-Bestuurskomitees (PMBK). Daar is 'n oorgang van besluitnemingsmagte na hierdie plaaslike mede-bestuurskomitees en plaaslike regering en MKB neem aktief in hierdie komitees deel. Opleiding en die uitbou van vermoëns word aan hierdie bestuurskomitees verskaf en hulle word bemagtig om effektief by die bestuur van die hulpbronne betrokke te raak en om die ontwikkeling van die plaaslike marine-ekonomie te bevorder. Verteenwoordigers van die Plaaslike Mede-Bestuurskomitees neem deel aan jaarlikse streeks- en nasionale monitering, evaluasie en oorsig oor vergaderings van die kleinskaal visserysektor.
- Die waarde van plaaslike kennis van hierdie vissersgemeenskappe word erken en dit word in die wetenskaplike kennisstelsels ingevoeg vir gebruik in bestuursbesluitneming.
- Die regte van kinders word erken en dit geniet voorkeur op plaaslike vlak deur middel van meewerkende beheer-aksies om te verseker dat dit kinders wat tans vir voedselsekuriteit afhanklik is van die oes van marine hulpbronne, in staat sal stel om skool te gaan en dat hulle gesinne alternatiewe bronne van voedselsekuriteit het.
- Die rol en regte van vroue word erken en na waarde geag en vroue word bemagtig om aktief deel te neem aan sowel die mede-bestuur van hulpbronne as voor- en na-oes werksaamhede.
- Die regering moet vissersgemeenskappe help om 'n volhoubare lewensbestaan langs die kus te handhaaf. Aangesien tradisionele visvang die enkele belangrikste lewensonderhoudstrategie vir duisende tradisionele vissers is, is dit van die uiterste belang dat die regering meganismes daarstel om bykomende

(turn page)

(continued from page 3)

bronne van inkomste te verskaf aan diegene wat dit nodig het en bykomende werksge-leenthede vir nie-vissers, insluitend jongmense en vroue. Om in hierdie behoeftes te voorsien, moet MKB op nasionale, provinsiale en plaaslike vlakke saamwerk met ander sfere van die regering.

- Daar word tans onderhandel oor hulp met bemarking en toegang tot krediet en finansiering aan die kleinskaal visserysektor.
- Opleiding en die ontwikkeling van vaardighede aan vissersgemeenskappe, veral jongmense, word ywerig bevorder. Die toevoeging van waarde tot die kleinskaal visserysektor en hoe om toegang te verkry tot uiteenlopende bestaanstrategieë soos eko-toerisme en volhoubare, gemeenskapsgebaseerde waterkultuur projekte en dit te integreer.

Redaksie

deur Naseegh Jaffer
direkteur of Masifundise

By die Nasionale Beraad in November 2007, het die Minister finaal ingestem om erkenning te verleen aan die tradisionele kleinskaal visserysektor. Dit is na jare van stryd en protes.

Die Minister het MKB verbind tot groter sensitiwiteit teenoor die regte en behoeftes van kusgemeenskappe en het onderneem om 'n nuwe kleinskaal visserybeleid vir tradisionele vissers te ontwikkel. Hy het toegestem dat gemeenskappe aktief betrokke moet wees by die opstel van hierdie nuwe beleid en het voorts onderneem dat die taak binne ses maande afgehandel sou wees.

Vyf maande later, is dit nou duidelik dat MKB nie die vermoë beskik om dit gestand te doen nie en dit is dit is duidelik dat die nuwe beleid nie gereed sal wees binne die tydsbestek soos deur die Minister onderneem is nie.

Gedurende die afgelope paar maande het Masifundise provinsiale werkswinkels in al vier kusprovinsies georganiseer. Tydens hierdie werkswinkels het gemeenskappe beleidsdoelwitte en –inhoud bespreek. By die onlangse nasionale werkswinkel in Simonsstad, het gemeenskapsverteenwoordigers ooreengekom met 'n konsep-beleidsvoorstel wat aan die Nasionale Gesamentlike Taakspan voorgelê sal word vir oorweging. Die onus rus nou op die MKB om toe te sien dat die proses verder gevoer word – dit is hulle verantwoordelikheid. As hulle nie daarin slaag nie sal dit beteken dat hulle nooit erns gehad het om die Minister se ondernemings deur te voer nie. Gemeenskappe moet deeglik georganiseer wees om hierdie proses verder te voer omdat slegs demokraties georganiseerde gemeenskappe druk op die regering kan uitoefen om te verseker dat daar aan hulle vereistes ten opsigte van bestaansreg voldoen word. Net so, moet gemeenskappe georganiseer wees om uit een mond te praat as plaaslike owerhede genader word om die nuwe beleid te ondersteun. Daar moet dringend op plaaslike vlak georganiseer word.

Kom ons kry dit aan die gang.

Waar staan ons nou in die beleidmakingsproses?

Stap Ses: 'n Finale dokument aan die Minister vir goedkeuring deur die kabinet en publisering in die Staatskoerant om dit wettig te maak;

Stap Vyf: Die voorbereiding van 'n finale dokument waarin gemeenskappe se behoeftes in ag geneem word en voorsiening gemaak word vir alle internasionale verpligtinge, grondwetlike vereistes en die behoeftes van gemeenskappe;

Stap Vier: Die daarstelling van die middele om die implementering van die beleid te befonds;

Stap Drie: Die aanvaarding daarvan deur gemeenskappe, MKB en ander rolspelers – dit vereis:

Stap Twee: Eenstemmigheid oor die institusionele meganismes wat vereis word om dit te bereik;

Stap Een: Eenstemmigheid oor die beleidsdoelwitte & -resultate met die oorbrugging wat tot implementering sal lei;

Fase Een:

- **Bykomende tyd vir die regering om enige moontlike wetlike veranderinge deur die vereiste prosesse te neem;**
  Dit is alles baie belangrik om te voorkom dat wetlike veranderinge aangebring moet word wat die hele proses tot stilstand sal bring.
- **prosesse deur die Nasionale Gesamentlike Taakspan (NGTS) om 'n konsep-dokument saam te stel wat as grondslag vir besprekings gebruik kan word;**
- **prosesse deur die NGTS en MKB om die dokument behoorlik aan al ons konstituerende lede voor te lê om hulle goedkeuring te verkry – dit vereis terugvoer-vergaderings/mandate en besprekings op gemeenskapsvlak;**
- **vergaderings en besprekings om met ander rolspelers te gesels en hulle aanvaarding te verkry – hierby ingesluit is provinsiale en plaaslike regerings, stamowerhede, para-statale liggame, besighede en bestaande reghebbers in;**

Fase Twee:

Die opstel van Provinsiale/Plaaslike Bestuursplanne

Dit is die oorgangsmag (oorhandig aan) wat aan die plaaslike munisipaliteit gegee is om bepaalde regulasies daar te stel oor:

- die identifisering van die individuele vissermanne/-vroue, wat histories geregtig is om aan die oes, prosessering en bemarking van marine spesies ingevolge hierdie beleid deel te neem;
- die vasstelling van die bepaalde samestelling en inhoud van die TGRV, mandjie en beheermeganismes om volhoubaarheid van die marine hulpbronne in die gebied te verseker;
- die bepaalde regulasies en prosedure wat behoorlike implementering van die beleid sal verseker;
- die daarstelling en toesig oor die implementering van toepaslike opleidings- en vaardigheidsontwikkelingsprogramme wat dit ten doel het om oes- en bemarkingsbeskerming aan vissers te verleen;
- deurlopende en deelnemende evaluasies om voortdurend hierop te verbeter;
- die daarstelling van regulasies en prosedure ten opsigte van enige bykomende watergebaseerde handelinge wat deur hierdie aangewese mense gebruik kan word om hulle inkomste aan te vul en daardeur by te dra tot breër sosio-ekonomiese ontwikkeling op plaaslike vlak.